Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
www.laerskoolmontagu.net
monties@telkomsa.net
023 614 1640

MONTIENUUS

25 Oktober 2023
OB 37

Beste Ouers

Die personeel is tans tesame met die normale onderrig vir kwartaal 4, reeds besig om hersiening te doen. Dit is belangrik dat leerders goed sal saamwerk in die klasse, sodat hulle gereed is vir die finale assessering van die kwartaal.

Die leerders sal betyds hul toets-/eksamenafbakening ontvang (Gr. 4-7), sodat hulle betyds kan begin hersiening doen. Graad 4-6 skryf 'n finale toetsreeks en graad 7 'n formele eksamen. Ongeag of ons dit 'n toets of eksamen noem, die leerders skryf oor dieselfde hoeveelheid werk en die toetse is net so belangrik, as toe daar nog na 'n eksamen verwys is.

Gisteraand is 'n damesaand gehou en ek verneem die aand was 'n fees! Dit was georganiseer deur Lizanne van Eeden en 'n ouerkomitee wat haar bygestaan het. Die damesaand was 'n fondsinsameling deur die beheerliggaam, maar eerstens bedoel as 'n lekker ontspanne aand vir ons mammas en ander belangstellendes.

Ons het verskeie atlete wat reeds baie hard oefen en van hulle het al aan 2 byeenkomste deelgeneem. Eerskomende Vrydag is daar nog 'n byeenkoms, die Bredasdorp Top 10 waarheen 'n klompie atlete gaan. Hierdie atlete oefen tans privaat terwyl die res van die skool die ander somersporte beoefen in sportperiodes. Die skool gaan as geheel 'n sportperiode inwerk na die toets-/eksamensessie sodra die finale assessering begin. Ons glo die atlete wat graag goed wil doen in die atletiekseisoen, sal hierdie geleentheid aangryp en deur die vakansie moeite doen om fiks te bly. Ons het dan soos gebruiklik ons Kleuresport die tweede Saterdag van die nuwe jaar.

Ek vra weer ons ouers om asseblief die d6-connect App te installeer op hul fone. Ons het heelwat inligting wat ons daardeur aanstuur. Die App verseker dat u dadelik op hoogte is van inligting en daar is nie die moontlikheid dat 'n brief vergete in 'n tas bly nie. Ons kan ook hiermee inligting na groepe, bv. 'n klas of spesifieke span stuur.

Me. Wigmore is tans siek en nie by die skool nie. Indien u enige finansiële navrae het, epos asb. myself (skoolhoof@laerskoolmontagu.net), of me. Van Zyl (ontvangs@laerskoolmontagu.net), dan kan ons u daarmee help. Enige navrae in verband met skoolklere by die klerewinkel (nuwe klere) of klerebank (tweedehandse klere), kan aan mnr. EJ Sacco gerig word by (klerewinkel@laerskoolmontagu.net).

Sterkte vir die res van die week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
Montagu SPAR
023-6143080
goed vir jou

BELANGRIKE DATUMS

Woensdag, 25 Okt	Gr. 6 Kamp (Wemmershoek)
Donderdag, 26 Okt	Gr. 6 Kamp (Wemmershoek)
Vrydag, 27 Okt	Gr. 6 Kamp (Wemmershoek) Landsdienskamp (gr. 1 – 6) Atletiek: Bredasdorp Top 10 Ope entrepreneurs Netheidsinspeksie
Saterdag, 28 Okt	Landsdienskamp (gr. 1 – 6)
Sondag, 29 Okt	Landsdienskamp (gr. 1 – 6)
Dinsdag, 31 Okt	Foto's: Somersport en spesiale foto's Monties Mini-Krieketdag
Woensdag, 1 Nov	Kooroptrede saam met Jak de Priester (Robertson)
Vrydag, 3 Nov	Entrepreneurs (Prefekte) GF boeke huis toe Gr.R Kuierdag

Beurtkrag en ons telefoon:

Ongelukkig is ons sentrale baie oud. Wanneer die krag af is, gee die foon 'n luitoon wanneer u bel, maar dit lui nie by die skool nie. Ons kan dus nie oproepe ontvang tydens beurtkrag nie.

Personeel verjaarsdae

Julante van Zyl: 25 Oktober

Madelene Victor: 26 Oktober

Lisa Plomp: 27 Oktober

FOTO'S:

SOMERSPORT EN SPESIALE FOTO'S

Op **31 Oktober** word die somersportfoto's geneem, asook die spesiale foto's soos Boland, Wes-Kaap ens.

Die senior- en juniorkoor, sowel as die redaksie en prefekte word ook afgeneem. Indien jy dus koor sing of op die redaksie of leerlingraad is moet jy met jou skoolklere skool toe kom en jou sportklere inpak.

Indien jy in enige sport verder gekom het moet jy daardie klere ook inpak. Hierdie sluit buite-skool deelname soos bv. gimnastiek in. Dit geld vir somer- en wintersport.

UITSLAE

MINI-KRIEKET VS SWELLENDAM

Die Monties het op Donderdag, 19 Oktober, Swellendam se mini-krieketdag bygewoon en die uitslae was soos volg:

o. 7	Wen 1, verloor 1
o. 8A	Wen 2
o. 8B	Wen 2
o. 9A	Wen 2
o. 9B	Wen 1, verloor 1

T E N N I S

Op 24 Oktober het ons tennisspan teen

Laerskool Ashton gespeel.

Dit het baie goed gegaan met elke tennisspeler.

Montie Damesaand

- Dit is wat dit is met Verashca -

Die dames van Laerskool Montagu en omgewing het heerlik saam gekuier en gelag op die Damesaand wat op 24 Oktober gehou is. Die tema vir die aand was "kommin en kitch" en almal het baie kreatief geraak met hulle uitrustings. Verushca was die gasspreker vir die aand. Sy het die dames lekker laat lag, maar ook geïnspireer met haar maniere om jouself weer te ontdek. Dit was 'n heerlike geleentheid vir dames om bietjie tyd vir hulself te neem en heerlik te ontspan!

BOKVRYDAG

Wys jou ondersteuning aan die Springbokke deur Vrydag, 27 Oktober GROEN en GOUD aan te trek!

Go BOKKE!